# Voegwoorde

## Graad 3

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Voegwoorde




Flippie bl. 41

©TREND

# Wat doen 'n voegwoord nou weer?

## Dit verbind twee sinne met mekaar.



Voegwoorde is soos 'n bruggie. 'n Bruggie verbind twee plekke net soos 'n voegwoord twee sinne verbind.

# Daar is 3 maniere hoe ons voegwoorde in sinne kan gebruik?



Kom ons gaan kyk!!

# Eerste manier

Die sinne bly dieselfde en jy sit net die voegwoord tussen-in.

en want of maar

Die seun skree. Hy is bang (want)

Die seun skree, want hy is bang.

Dit reën buite. Dit is nie koud nie. (maar)

Dit reën buite, maar dit is nie koud nie.

MIKRO
WERK EN SKEP

# Tweede manier

Die werkwoord skuif na die einde van die sin.

dat omdat nadat as sodat

Sy praat baie. Sy het baie te sê.(omdat)

Sy praat baie omdat sy baie te sê het.

Sy kan speel. Sy het haar huiswerk gedoen. (nadat)

Sy kan speel nadat sy haar huiswerk gedoen het.

# Derde manier

Soms ruil die woorde in die tweede sin om.

al toe dan daarom toe

Dit reën baie. Sy is nat. (daarom)

Dit reën baie daarom is sy nat.

Ek doen eers my huiswerk. Ek kan speel.(dan)

Ek doen eers my huiswerk dan kan ek speel.



# ONTHOU !!!!!

Voor die woord want en maar kom altyd 'n komma.

Skryf die sinne oor in jou boek en gebruik die voegwoorde tussen hakies.

1. Lana hou van appels. Susan hou van piesangs. (en)
2. Ek is vaak. Ek moes vroeg opstaan. (want)
3. My boetie het my mamma se bak gebreek. Sy is nie kwaad vir hom nie. (maar)
4. Ek moet nou my werk gaan leer. Môre begin die eksamen. (omdat)
5. Ek eet my groente. Ek hou nie daarvan nie. (al)

Skryf die sinne oor in jou boek en gebruik die voegwoorde tussen hakies.

1. Lana hou van appel en Susan hou van piesangs.
2. Ek is vaak, want ek moes vroeg opstaan.
3. My boetie het my mamma se bak gebreek, maar sy is nie kwaad vir hom nie.
4. Ek moet nou my werk gaan leer omdat die eksamen môre begin.
5. Ek eet my groente al hou ek nie daarvan nie.

©TREND

MIKRO
WERK EN SKEP